

Nuwe Lied Bediening

Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, dié Gesalfde Een, die boodskap van יהוה-God is wat vlees geword het! Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende ‘man hu’ wat uit die hemel gestuur is en יהוה se Torah vervolmaak het. Sonder die Afgesonderde Gees wat in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!!

Parashah 31: Emor – Praat, Sê.

יהוה het vir Mosheh gesê: Praat met die priesters, die seuns van Aharon en sê vir hulle. Lev. 21:1 – PWL¹.

Torah: Lev. 21:1 tot 24:23.

Haftorah: Eseg. 44:15 tot 31.

Nuwe Verbond: Rom. 12:1–2; 1Pet. 2:4-10; Heb 12:14; 1Pet. 1:13–17; Hebr. 7:26; Kol. 2:16–17; Matt. 5:16; Efes. 5:8; Joh. 1:4,9; 8:12; 2 Kor 4:6; Matth. 5:38–42; Jak. 2:1–9.

Hierdie notas is aanvullend tot vorige notas vir Parashah 31 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

It is the Almighty's job to judge between the intentions of the heart and the actions of the person – Dani'el Rendelman.

The reason why the Ten Commandments are short and clear is that they were handed down direct, not through several committees – Dan Bennett.

We can easily forgive a child who is afraid of the dark; the real tragedy is when men are afraid of the light – Plato.

We're tested not to show our weakness, but to discover our strengths – Kalman Packouz.

Aspire to inspire before you expire – Anonymous.

In the New Testament, we don't find our gift through self-examination and introspection and then find ways to express it. Instead, we love one another, serve one another, help one another, and in so doing we see how God has equipped us to do so. — Russell D. Moore.

God never loses sight of the treasure which He has placed in our earthen vessels. — C.H. Spurgeon.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

*Spiritual giftedness does not guarantee that we hear from God rightly on every point. —
Craig S. Keener.*

Torahbespreking

Hersiening

Levitikus (*Vayikra*) is die onderrig in afgesonderdheid (heiligmaking), naamlik hoe om uitgeroep en afgesonderd (heilig) vir יהוה as koninklike priesters van die Malki-Tzedek priesterskap in hierdie wêreld te lewe! In verlede week se Torahskriflesing was die fokus op יהוה se opdrag aan Yisra'el van ouds, en steeds aan ons, naamlik: “Julle moet afgesonderd wees, want Ek, יהוה, julle God, is Afgesonderd.” Hierdie is die hart van Levitikus! Om afgesonderd te wees, en as afgesonderdes te lewe, is ‘n duidelike opdrag van die ou en die nuwe verbond.

Die wyding van die priesters (Levitikus 8) en hulle onderrig en instruksies aangaande dienswerk in die tabernakel (Levitikus 9, 10 en 17) is ‘n baie belangrike aspek van Levitikus (*Vaiykra*). Daarom staan Levitikus ook bekend as *Tohrat Kohanim*, naamlik die Torahonderrig en -instruksies vir die priesters om te kan onderskei tussen rein (*tahor*) en onrein (*tamei*) en tussen afgesonderd (heilig, *kadosh*) en nie afgesonderd (onheilig, *chol*) sodat hulle as rein en afgesonderd in יהוה se Teenwoordigheid diens kan doen.

In hierdie week se Torahskriflesing is die fokus op die vasgestelde tye (feestye) van יהוה, naamlik die hoogtepunte van Vader se kalender van afsprake met Sy volk.

Praat Met Die Priesters

Maar ons Torahskriflesing begin met verdere instruksies aan die Levitiese priesters ten opsigte van reinheid, want:

Hulle moet afgesonderd wees tot hulle God en die Naam (Karakter en Outoriteit) van hulle God nie onteer nie (Lev. 21:6).

Die instruksies en onderrig vir reinheid is ook op ons as as priesters volgens die orde van Malki-Tzedek van toepassing, want ons is ook in Yeshua deur יהוה afgesonder en moet nie God se Naam, Sy Karakter en Ouroriteit, onteer nie.

Die Hebreeus vir ‘rein’ is ‘tahor’ en beteken ondermeer om fisies in voorkoms en dade, asook moreel in wil, denke en emosie geestelik skoon en onbesmet te wees. Daarom het Yeshua gesê:

Hoe uitermate gelukkig is dié wat rein van verstand, wil en emosie is, want hulle sal God sien. Matt. 5:8.

Soos Sha’ul moet ons ook voortdurend oefen om altyd voor God en die mense ‘n rein gewete te hê (Hand. 24:16). Hy skryf ook in sy brief aan die Filippense die volgende:

9 Dit bid ek: dat julle liefde mag vermeerder en dat julle meer oorfloedig mag word in kennis en in volle begrip van die Gees,

10 om die dinge te kan onderskei wat paslik is en julle rein, sonder aanklag, mag wees op die dag van dié Gesalfde Een,

11 volgemaak met die vrugte van onpartydige opregtheid wat daar is in Yeshua, dié Gesalfde Een, tot eer, lof en aanbidding van God. Fil. 1:9-11.

Maar wat sê Yeshua, ons Malki-Tzedek hoofpriester, vir ons? Dit kan soos volg opgesom word:

18“Alle outoriteit in die hemel en op aarde is aan My gegee en soos die Vader My gestuur het, so stuur Ek julle.

19 Gaan daarvolgens, maak studentevolginge van al die nasies, doop hulle in die Karakter en Outoriteit van die Vader en die Seun en die Gees wat Afgesonderd is

20 en onderrig hulle sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Ek julle beveel het en let op, Ek is saam met julle al die dae tot aan die einde van die heelal. Dit is waar.” Matt. 28:18-20.

Die vraag is of ons bereid is om onder die outoriteit van Yeshua te gaan en studentevolginge van alle nasies te maak en of ons toegerus is om hulle te onderrig aangaande alles wat Yeshua ons geleer het?

Om hierdie opdrag uit te voer is dit eerstens baie belangrik om afgesonderd vir יהוה te wees, asook om afgesonderd van die wêreld te leef deur nie meer deel te hê aan ons vorige begeertes nie. Die apostel Kefa verduidelik dit soos volg:

13 Bind daarom die heupe van julle verstand vas, wees volkome waaksaam en verwag die onverdiende guns wat julle deel word by die openbaring van Yeshua, dié Gesalfde Een,

14 soos gehoorsame kinders en moenie weer deel kry aan julle vorige begeertes wat julle sonder kennis begeer het nie,

15 maar wees afgesonderdes in al julle lewenswyses, soos wat Hy wat julle geroep het, afgesonderd is

16 omdat daar geskrywe is: “Wees afgesonderd, soos Ek afgesonderd is.” 1Pet. 1:13-16.

Die priesters van die Levitiese priesterorde was volgens geboorte, uit die nageslag van Aharon, as priesters aangestel en gekies om bepaalde dienswerk te verrig. Net so word ons deur wedergeboorte in die amp van Malki-Tzedek priesters aangestel om dienswerk in יהוה se Koninkryk te verrig.

Die Levitiese priesters was toegerus (opgelei) vir hulle taak. As priester volgens die orde van Malki-Tzedek is ons ook gekies en toegerus om diens te verrig in ten minste een van die volgende bedieninge, naamlik: as afgevaardigde (apostel) of as profeet, of as boodskapper van die goeie boodskap (evangelis) of as herder of as leermeester (leraar). Ons word toegerus vir dienswerk deur die gawes van die Afgesonderde Gees wat aan elkeen die manifestasie van die Gees gee as hulp, krag en outoriteit. Sha’ul verduidelik dit soos volg in 1Kor. 12:4-11:

4 Daar is ’n verskeidenheid van gawes, maar die Gees is een.

5 Daar is ’n verskeidenheid van bedieninge, maar יהוה is een.

6 Daar is ’n verskeidenheid van wonderwerke, maar God wat alles in elke persoon werk, is een God,

7 maar aan elke persoon word die manifestasie van die Gees gegee soos dit hom help.

8 Daar word aan hom, deur die Gees, ’n boodskap van wysheid gegee, maar aan ’n ander ’n boodskap van kennis, in hom, deur die Gees;

9 aan ’n ander vertrouwe in hom deur die Gees, aan ’n ander die gawe van gesondmaking in hom deur die Gees,

10 maar aan 'n ander wonderwerke, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van geeste, aan 'n ander verskillende tale en aan 'n ander die vertaling van tale.

11 Al hierdie dinge doen die een Gees en deel uit aan elkeen soos Hy wil.

Elkeen ontvang hierdie geestelike gewes om te gebruik om mekaar en die gemeente mee te dien en op te bou.

Laat elkeen van julle sy naaste met die geestelike gewes wat hy ontvang het, dien soos goeie hoofde van die unieke huis van onverdiende guns van God. 1Pet. 4:10.

As Malki-Tzedek priesters is ons taak die opbouing (stigting) van mekaar en die uitbreiding van יהוה se Koninkryk. Ons moet die vrede en die opbouing (onderlinge stigting) van mekaar najaag (Rom. 14:19). Dit beteken dat ons onderrig en dade moet bydra tot die bevordering van geestelike groei en geestelike volwassenheid van ander en van die gemeente.

Ons bediening en die gemanifesteerde gewes van die Gees wat ons ontvang het, moet aangewend word om die ware tempel van יהוה, naamlik die gemeente – die Liggaam van Yeshua – te bou! Daarom verduidelik Sha'ul die eenheid wat in die Liggaam van Yeshua moet bestaan, en elkeen se rol as deel van die gemeente, soos volg in 1Kor. 12:12-25:

12 want net soos die liggaam een is en baie ledemate het, maar al die dele van die liggaam, al is hulle baie, een liggaam is; so ook in Die Gesalfde Een,

13 want ons is ook almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink,

14 want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie.

15 As die voet sou sê: 'Omdat ek nie die hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?

16 As die oor sou sê: 'Omdat ek nie die oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie', is hy daarom nie deel van die liggaam nie?

17 As die hele liggaam 'n oog was, waar sou die gehoor wees? As alles gehoor was, waar sou die reuk wees?

18 Nou het God egter elkeen van die ledemate in die liggaam gesit, net soos Hy wil.

19 As almal een ledemaat was, waar sou die liggaam wees?

20 Nou is daar egter baie ledemate, maar net een liggaam.

21 Die oog kan nie vir die hand sê: 'Ek het jou nie nodig nie;' of ook die kop vir die voete: 'Ek het julle nie nodig nie,'

22 maar veel eerder is dié ledemate van die liggaam, wat as swak beskou word, noodsaaklik

23 en dié ledemate van die liggaam wat ons dink skandelik is, gee ons oorvloediger waarde en die minder mooi, oorvloediger elegansie

24 terwyl ons mooi gevormde ledemate dit nie nodig het nie, maar God het die liggaam saamgestel en aan die ledemaat wat klein is oorvloediger waarde gegee

25 sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die ledemate dieselfde vir mekaar mag omgee.

Ons is almal deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Arameërs, slawe of vrymanne is en ons is almal van een Gees gegee om te drink, want ook die liggaam is nie een ledemaat nie, maar baie en in Yeshua moet ons eensgesind wees.

Daarom sê Yeshua ook aan ons Sy priesters:

25 “Julle weet dat die heersers van die nasies baas speel oor hulle en die leiers outoriteit het oor hulle,
 26 maar só moet dit onder julle nie wees nie, maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees
 27 en wie ook al tussen julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees;
 28 net soos die Seun van die mens nie gekom het om bedien te word nie, maar om te dien en Homself as ’n Losprys vir baie te gee.” Matt. 20:25-28.

As priesters van Malki-Tzedek is ons geroep om te dien en nie gedien te word nie!

Die Levitiese priesters het ook die opdrag gehad om ander te leer en moes self dit leef wat hulle ander leer (Lev. 10:10 en 11; Eseg. 44:23 en 24;). Dieselfde geld vir ons as priesters in יהוה se Koninkryk. Sha’ul se woorde aan Timotheos is ook vir ons bedoel:

12 Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees ’n voorbeeld vir die wat vertrou: in boodskap, in optrede, in liefde, in vertroue en in reinheid.

13 Totdat ek kom, wees ywerig in lees, in gebed en in lering. 1Tim. 4:12-13.

Ons moet ons daarop toespits om werkers (priesters) te wees wat die boodskap van Waarheid reguit (suiwer) verkondig (2Tim. 2:15). Daarom moet ons ag gee op die waarskuwing in Matt. 5:20 toe Yeshua gesê dat as ons onpartydige opregtheid nie baie meer is as dié van die leraars van die wet en die Fariseërs nie, sal ons sekerlik nie in die Koninkryk van die hemel ingaan nie!

’n Groot gevaar is die gevaar van eie, naamlik mensgeformuleerde, onpartydige opregtheid soos Sha’ul in Rom. 10:1-3 waarsku. Daarom is die opdrag dat ons eerstens יהוה se onpartydige opregtheid sal soek, dit sal doen en dit sal verkondig (Matt. 6:33)!! Die Levitiese priesters was die sinnebeeld van יהוה se onpartydige opregtheid onder die ou verbond en vandag moet die Malki-Tzedek priesters die sinnebeeld van יהוה se onpartydige opregtheid van die nuwe verbond wees soos dit in Yeshua vervolmaak is.

Yeshua is יהוה se onpartydige opregtheid (2Kor. 5:21)! Daarom rig Rabbynse Judaïsme hulle eie onpartydige opregtheid op, want hulle verwerp Yeshua as יהוה se onpartydige opregtheid soos wat Paulus dit in Rom. 10:1-3 verduidelik. En daarom verwerp hulle ook die Malki-Tzedek priesterskap en beywer hulle hul vir die bou van die derde tempel en die herinstelling van die Levitiese priesterskap met al die verskillende offerandes!

Bepeins of Bespreek

1. Yeshua het aan ons gesê om studentevolgelinge (dissipels) van al die nasies te maak en om hulle te onderrig sodat hulle alles sal gehoorsaam wat Hy ons beveel het. Maar Yeshua het geen onderrig aangaande die vyfvoud-bediening en die gawes van die Afgesonderde Gees gegee nie! Nee, dit was die taak van die apostels wat daagliks saam met Yeshua gewandel het, en spesifiek die taak van Sha’ul aan wie Yeshua Homself openbaar het. Is die feit dat Yeshua nie self hierdie onderrig gegee het nie, die moontlike rede hoekom baie in die Messiaanse Beweging nie hieroor lering gee nie en sommige selfs Sha’ul verwerp as ’n vals apostel? Diegene met hierdie siening vergeet Yeshua se woorde aan Sy studentevolgelinge in Joh. 16:12-13 wat duidelik sê dat hulle nie gereed is om alles nou te ontvang en te verstaan nie, maar dat die Afgesonderde Gees hulle in die hele waarheid sal lei. Is hierdie hele waarheid dan nie ook ten opsigte van die vyfvoud-bediening, die gawes van die Gees en die verandering in die priesterorde en offerandes nie?

3. Het die terugkeer na ons Hebreeuse wortels veroorsaak dat die fokus op die vyfvoud bediening en gawes van die Afgesonderde Gees as te ware verdwyn het? Is die woorde in Jer. 6:16 ook op ons van toepassing? Moet ons nie ook terugkeer na die ou paaie en die goeie weg van die gemeente van Handeling en van die apostels nie?

In die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה.

Ook het יהוה met Mosheh gepraat en gesê:

“Praat met Aharon en sy seuns dat hulle versigtig moet wees met die afgesonderde gawes van die seuns van Yisra’el wat hulle tot My afsonder sodat hulle My Afgesonderde Naam (Karakter en Outoriteit) nie onteer nie. Lev. 22:2

Soos in vorige notas bespreek was, maak יהוה-God duidelike onderskeid tussen *tahor* (rein) en *tamei* (onrein) en tussen *kadosh* (afgesonderd) en *chol* (nie afgesonderd nie). Hierdie is bevestiging dat יהוה ‘n bepaalde standaard en protokol daar stel om in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid te mag kom. Hoekom? Dit is om die mens te leer dat hoewel יהוה in vergeleke met die mens op ‘n verhewe vlak van afgesonderd (*kadosh*) en rein (*tahor*) is, kan die mens wat met hartsbegeerte gehoor gee aan al יהוה se onderrig en instruksies wel in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid kom.

Ons kan nie bekostig om te vergeet om te alle tye met respekvolle vrees tot God te nader nie, want יהוה is in die hemel en ons is op die aarde (Pred. 5:1 en 2). Maar Vader-God het ‘n weg vir ons voorberei om in Sy Teenwoordigheid te kom. Vertrou in Yeshua as dié Gesalfde van God en gehoorsaamheid aan Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is, is daardie weg!

In hierdie week se Torahskriflesing leer ons dan ook die volgende:

- ❖ Indien die persoon wat die offer bring, of die offergawe as suks onrein is, sal יהוה dit nie aanvaar nie! ‘n Persoon wat onrein is of wat ‘n offer wat onrein is bring, mag nie van die afgesonderde gawes eet nie (Lev. 22:1-16). So ‘n persoon moet uit יהוה se teenwoordigheid verwyder word sodat hy nie meer dienswerk mag verrig nie.

Sê vir hulle: ‘Enigee van jou nageslag, in julle geslagte, wat naderkom na die afgesonderde gawes, wat die seuns van Yisra’el aan יהוה afsonder terwyl hy onrein is, dié persoon moet afgesny word van voor My Teenwoordigheid. Ek is יהוה. Lev. 22:3.

- ❖ Om in die Teenwoordigheid van יהוה te mag kom, is dit elkeen se taak as priester om seker te maak dat daar niks is wat hom onrein maak nie en om seker te maak dat die offerande wat gebring word nie onrein is nie.

Soos Shlomo (Salamo) ondermeer in Prediker 11 en 12 ons herinner om ons beste aan יהוה te gee terwyl ons jonk is en nog kan!!

Onthou nou jou Skepper in die dae van jou jonkheid, voordat die bose dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: “Ek het geen plesier daarin nie,” Pred. 12:1

Maar die belangrikste van alles is ‘n voortdurende respekvolle vrees vir יהוה tydens al ons lewensjare!!

¹³ Laat ons die bevinding van die hele saak hoor: "Vrees God respectvol en doen Sy opdragte, wat gegee is deur Een Meester aan elke mens,

14 want God sal elke daad tot oordeel bring, aangaande alles wat weggesteek en bekend is, of dit goed is of boos." Pred. 12:13-14.

Bepeins of Bespreek

1. Is dit wat jy en ek aan יהוה offer afgesonderd (*kadosh*) en rein (*tahor*)? Is jy en ek as kind en priester 'n lewende (bevattende die ware lewe wat יהוה vereer), afgesonderde en welgevallige (aanvaarbare en genotvolle) offer (Rom. 12:1). Is ons tyd, ons vermoëns (talente), ons toewyding, ons lofprysings, ens. wat ons as offerande bring rein en afgesonderd, of is dit dalk besoedel met ons eie vleeslike begeertes en dinge wat onrein en nie afgesonderd is nie?
2. Wat is die betekenis van die 'afgesonderde offergawes' onder die nuwe verbond? Wat beteken dit dat die onreine **mag nie** van die 'afgesonderde gawes' eet nie. Verwys dit na:

- ❖ Die gawes van die Afgesonderde Gees? Sal die gawes van die Afgesonderde Gees deur 'n onrein – Torah ongehoorsame – persoon manifesteer? Sal die onreine van hierdie gawes mag 'eet' (deel daaraan hê)? Is die onreine nie besig om te eet van onrein en vervalste gawes nie? Verwys 2Kor. 11:4 en 14 – Satan kan manifesteer as 'n engel van die lig!
- ❖ Om te eet van die boom van kennis van goed en kwaad. Verwys Joh. 6:35 en 53-56; Hos. 4:6 en Jes. 5:13. Beteken dit dat diegene wat onrein is, word nie werklik gevoed met 'hemelse man hu' (Boom van die Lewe) nie?

Hiermee saam is die vraag: Is dit moontlik om van יהוה se Teenwoordigheid afgesny te wees sonder om dit te besef? Kan 'n atmosfeer "kunsmatig" geskep word waar dit voel יהוה is teenwoordig?

3. Kan 'n emosionele ervaring as bewys van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה beskou word? Is daar nie 'n fyn balans tussen eie sielsemosie en Geesgemanifesteerde emosie nie? Anders gestel: Moet 'n emosionele ervaring noodwendig deel wees van die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה? Ons moet onthou dat ons hart (sielsrealm) bedrieglik kan wees (Jer. 17:9 – "Bedrieglik en ernstig siek is die verstand, wil en emosie bo alle dinge; wie kan dit verstaan?") Dan moet ons ook onthou dat יהוה ons verstand (*common sense*) gegee het en ons moet dit dalk meer dikwels gebruik om te onderskei. Verwys Spr. 3:21 –

My seun, laat My opdragte nie uit jou oë wyk nie, bewaar suiwer wysheid en onderskeiding.

My child, use common sense and sound judgment! Always keep them in mind. (CEV)

My son, do not let wisdom leave your sight. Carefully observe sound judgment and discernment, (ISV)

Ons emosionele ervaring moet ons aan Torah meet, naamlik: Is ons emosionele ervaring met die onderrig en instruksies van יהוה versoenbaar? As hulp het יהוה ons ook die gawe van onderskeiding van geeste gegee (1Kor. 11:10). Om korrek te onderskei is 'n kombinasie van Torah, die Afgesonderde Gees en gesonde verstand.

Dit is wel so dat Vader-God soms dinge doen wat ons nie met ons logika kan uitredeneer of verstaan nie, maar Hy het ons ook 'n gesonde verstand gegee om te gebruik. Die gevaar kom dat ons soms ons vertrouwe wil koppel aan ons emosies. Ons wil 'voel' die Vader is teenwoordig en as ons Hom nie 'voel' nie, dan glo ons Hy is ver van ons. Emosies alleen kan nie vir ons help om te bepaal wat die waarheid is nie, want dit wat die waarheid is, 'voel' nie noodwendig reg of lekker nie.

Alleenlik יהוה bepaal op welke wyse Hy sal manifesteer. Geen mens kan dit besluit of laat gebeur nie!! Die mens, veral die Christendom, onderskat die gevaar van suggestie!!

In die verband skryf Andrew Ström die volgende:

I believe that God has placed within every human being at least a measure of an inner "warning system" to protect us from being easily deceived - just as He has given us all a conscience. It is something that He has built into every one of us, in His mercy. (I guess a lot of it is simply `common sense`). However, Christians should have an even greater advantage in this area, because we have the "inner witness" of the Holy Spirit, and the `still small voice` of the Lord speaking to us every day.

But what I have found again and again with people who give themselves over to some form of deception is that they often "override" these alarm bells. They go against their 'better judgement'. They ignore the little voice deep inside them that is telling them that there is something wrong. Christians do this all the time. That is how they get themselves involved in such foolish deceptions.

Die Tel van die Omer

Die vasgestelde tye (feestye) van יהוה, soos ondermeer in Levitikus 23 uiteengesit word, bestaan uit drie groot jaarlikse feeste wat onderverdeel word in sewe feeste. Hierdie feeste, en die betekenis van elk, kan kortliks soos volg verduidelik word:

1. Pesag wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik:
 - Pesag (Pasga) – die verwydering van die straf van sonde.
 - Fees van Ongesuurde Brood – ‘n Afgesonderde lewe.
 - Fees van die Waaioffer, ook bekend as die Fees van die Eerstelingsgerf – die aanvaarding van die eerste oes.
2. Shavu’ot, ook bekend as die Fees van Weke – die gee van Torah en die uitstorting van die Afgesonderde Gees.
3. Sukkot ook bekend as die Loofhuttefees bestaande uit:
 - Fees van Trompette (Yom Teruah) – blaas van die shofar (basuin) – wederkoms van Yeshua ons Koning.
 - Die Dag van Versoening (Yom Kippur) – dag van toedekking (versoening)
 - Die Fees van Tabernakels (Sukkot) – einde en oordeel; die voltooiing van יהוה se Raadsplan van herstel van alles tot soos wat dit was voor die sondeval.

Dit is dus ‘n totaal van sewe vasgestelde tye (afsprake). Maar op יהוה se jaarlikse afspraakkalender is daar egter nog ‘n vasgestelde tyd wat die Agste Dag (*Sh’mini Atzeret*) genoem word en wat deel vorm van Sukkot. Daar word egter deurgaans verwys na die sewe vasgestelde tye waar die getal 7 op die voltooiing van יהוה se plan dui en dan die Agste Dag wat ‘n nuwe begin aankondig.

Onthou egter dat die weeklikse Shabbat ook deel is van יהוה se vasgestelde tye (Lev. 23:2) – ‘n weeklikse afspraak wat heenwys na die ewige rus (Heb. 4:3-11) wat sal volg op die voltooiing van יהוה se plan van herstel.

Maar met die lees van hierdie week se Torahskriflesing is ons besig met die tel van die Omer, want Pesag word gevolg deur 49 dae van voorbereiding voor die begin van Shavu’ot op die vyftigste dag. Hierdie 49 dae staan bekend as die tel van die Omer (Hebreeus: *Sefirat HaOmer*).

9 יהוה het met Mosheh gepraat en gesê:

10 “Praat met die seuns van Yisra’el en sê vir hulle: ‘Wanneer julle in die land kom wat Ek julle gee en sy opbrengs oes, moet julle ’n gerf van die eerste vrugte van julle oes na die priester bring.

11 Hy moet die gerf voor die Teenwoordigheid van יהוה waai, om vir julle aanvaar te word; op die dag ná die Shabbat moet die priester dit waai.

12 Op die dag as julle die gerf waai, moet julle ’n lam in sy eerste jaar, sonder gebrek, as brandoffer tot יהוה offer.

13 Sy graanoffer daarmee saam, moet twee tiendes van ’n efa fyn meel met olie gemeng wees, as ’n offer, deur vuur, gebring tot יהוה, ’n aangename geur en sy drankoffer moet ’n kwart hin wyn wees.

14 Julle mag geen brood of gebraaide graan of vars graan eet tot op daardie selfde dag dat julle die offer tot julle God bring nie. Dit is ’n ewige instelling vir al julle geslagte, oral waar julle bly.

15 Julle moet tel van die dag ná die Shabbat, van die dag af wanneer julle die gerf van die waaioffer bring, sewe Shabbatte moet voltooi wees;

16 tot die dag ná die sewende Shabbat moet julle vyftig dae tel; dan moet julle ’n nuwe graanoffer tot יהוה bring. Lev. 23:9-16.

Die tel van die Omer begin, soos wat Lev. 23:15 bevestig, altyd op die eerste dag van die week (Sondag) wat volg op die week waarin die Fees van Ongesuurde Brood gedenk word. Dag een van die tel van die Omer is dus die dag wanneer die gerf van die Waaioffer voor יהוה gebring was.

Die waaioffer was gars en word in Hebreeus die *omer* genoem en beteken `n droë maat van ongeveer `n tiende efa (ongeveer 2 liters) of `n gerf van gars. Gars was die eerste van die graanoes, terwyl die koring as offer gedurende Shavu’ot gebring was. Die drankoffer van `n kwart-hin wyn was ongeveer 1,5 liter (1 hin is ongeveer 6 liter).

Hoekom die tel van die Omer?

Die Skrifte gee geen verduideliking hoekom die dae vanaf Pesag tot en met Shavu’ot getel moet word nie. Ons is egter almal van kleintyd af bekend met die tel van die dae tot en met ‘n belangrike gebeurtenis of afspraak. Hierdie tel van die dae gaan gepaard met ‘n opgewondenheid en verwagting. Dikwels behels dit ook voorbereiding vir die geleentheid. In hierdie lig moet die tel van die Omer gesien word: Ons tel die dae tot die volgende afspraak met ons Vader.

Hierdie tel van die Omer is ‘n reis van 49 dae van selfondersoek. Dit is ‘n voorbereidingsproses in afwagting vir die seën van Shavu’ot. Ons tel die Omer met opgewondeheid en ‘n verwagting vir die aanbreek van Shavu’ot!

Die tel van die Omer kan ook beskou word as 'n tyd van *teshuvah* wat terugkeer beteken. *Teshuvah* is om terug te keer na Torah, naamlik na יהוה se liefdevolle onderrig vir 'n lewe as onpartydig en opreg in Yeshua, dié Gesalfde Een. Dit is om met berou en verootmoediging “terug te keer” nadat selfondersoek gedoen is van jou geestelike welstand en van jou verhouding met Vader-God.

Die 49 dae van tel van die Omer en die 40 dae *teshuvah* voor Yom Kippur is beide 'n tydperk van voorbereiding om יהוה te ontmoet. Beide is om *teshuvah* te doen. Die verskil is egter die volgende: *Teshuva* tydens die tel van die Omer word uit liefde en dankbaarheid gedoen, terwyl *teshuvah* tydens die 40 dae voor Yom Kippur deur 'n element van vrees gemotiveer word. Tydens die tel van die Omer doen ons *teshuvah* in voorbereiding en afwagting van 'n 'geskenk', naamlik Torah en die Afgesonderde Gees, wat ons op Shavu'ot gaan ontvang en ontvang het. Maar die 40 dae van *teshuvah* voor Yom Kippur is in voorbereiding en afwagting van יהוה se oordeel op hierdie dag. Die eerste word uit liefde gedoen en die tweede grootliks uit vrees, want dit sal die finale oordeel wees.

Die tel van die Omer is die selfondersoek en voorbereiding om weer soos Yesra'el van ouds by Sinai te staan en opnuut יהוה se Torah in ons harte en verstand te ontvang. Saam met Torah ontvang ons die Gees van יהוה wat ons krag is om volgens ons Vader se onderrig en instruksies te lewe.

Die tel van die Omer is 'n geleentheid vir elkeen om sy geestelike huis in orde te kry en seker te maak dat ons liggaam 'n geskikte woning vir die Gees van יהוה is!

“Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el,” sê יהוה: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees. Heb. 8:10.

16 Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid.

17 Hy is die Gees van die Waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie omdat dit Hom nie gesien het of Hom geken het nie, maar julle ken Hom omdat Hy by julle bly en in julle is. Joh. 14:16-17.

maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees wat Afgesonderd is, wat My Vader in My Karakter en Outoriteit sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:26.

Maar die 40 dae van *teshuvah* tot en met Yom Kippur is die selfondersoek en voorbereiding om voor יהוה te staan as Torahgehoorsame volgeling van Yeshua. Dit is 'n geleentheid vir elkeen om seker te maak sy geestelike huis is in orde voor die oordeel van יהוה aanbreek.

.....en sy meester sê vir hom: ‘Goed so, goeie en betroubare slaaf, oor 'n bietjie was jy betroubaar, oor baie sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou meester.’ Matt. 25:21.

Bepeins of Bespreek

1. *We are all on a journey with our Creator. Our journeys are full of purpose and design. And, like all travellers, we make constant choices to move ahead, stand still, drift, or fall backwards. The seed of redemption planted in us at Passover has forty-nine days to grow and mature until the harvest of Pentecost. These days of counting provide a natural and timely opportunity to consider our path and make goals about our destinations.* (FFOZ, parashah Emor, 2016).

2. *All you need is the plan, the road map, and the courage to press on to your destination.* (Earl Nightingale). יהוה se Torah, soos dit in Yeshua vervolmaak is, is ons padkaart en reisplan om ons finale eindbestemming suksesvol te bereik! Is jy seker van jou eindbestemming?

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.